Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 22 Deel 110
VRYDAG - 7JUNIE 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Begroting: Tariewe styg matig

Ngwathe se munisipale begroting vir die nuwe boekjaar (wat aanstaande maand begin) is verlede Vrydag op 'n spesiale raadsvergadering in Parys goedgekeur. Meeste tariewe styg met 5.6%, behalwe elektrisiteit wat met 8.4% sal styg (onderhewig aan goedkeuring deur Nersa). Eiendomsbelasting sal nou gebaseer word op die nuwe eiendomswaardasierol, maar die tariefskaal in die nuwe jaar sal effens laer wees as die een wat vanjaar geld.

Die volledige nuwe tariewe is op die munisipale webtuiste, en is ook beskikbaar op 'n tariefkaart vanaf alle munisipale kantore.

Die totale verwagte inkomste in die nuwe boekjaar word bereken op R791 miljoen. Totale lopende uitgawes, daarenteen, word begroot vir R835 miljoen. Dit sal 'n verlies van R44 miljoen op die inkomsterekening laat. Die DA het hierteen beswaar gemaak, veral omdat hulle verwag dat die lopende inkomste vanjaar weer oorskat word. “Dit gebeur elke jaar, en dan eindig die munisipaliteit met 'n onverwagte verlies,” sê die DA-koukus in 'n verklaring aan Heilbron Herald. Die DA het gevolglik teen die aanvaarding van die begroting gestem. In 'n sterk vorm van protes het die DA ook versoek dat hul teenstemme individueel genotuleer word. Die EFF se drie raadslede het ook teen die begroting gestem.

Die nuwe begroting sal op 1 Julie 2019 in werking tree.



## *MISDAAD*-verslag

Huisbrake in Heilbron is steeds 'n probleem. Inwoners word aangeraai om veiligheid streng toe te pas om inbrake to probeer voorkom. Daar was wel suksesse in die woonbuurte waar inbrekers gearresteer is en eiendomme teruggevind is. Indien enige verdagte persone gewaar word moet dit aan die polisie gerapporteer word vir verdere ondersoeke.

'n Ryloper het op 1 Junie 2019 'n rygeleentheid ontvang saam met 'n swaarmotorvoertuig by die Sasolburgkruising. Gedurende die rit Heilbron toe het daar vermoedelik 'n stryery uitgebreek oor betaling vir die saamrygeleentheid. Na bewering het die vragmotorbestuurder die persoon in die ry uit die voertuig gegooi. Hy is later in die hospitaal oorlede. 'n Saak van moord word ondersoek en die bestuurder is aangekla. Daar was nog twee onbekende persone in die voertuig.


Indien daar inligting in die verband is, kontak die polisie sodat die saak verder ondersoek kan word.

LAUNCHING
15 June
JAC
15 Junie
BEKENDSTELLING

## Maak nou jou bydrae

Kom nou Heilbronners, staan nou saam. Kontant donasies vir die teerprojek kan by Heilbron Herald gemaak word. Alternatiewelik kan donasies by die onderstaande rekening inbetaal word. Bydrae word steeds benodig om die projek suksesvol te kan voltooi.

Rekeningbesonderhede:
Rekeningnaam:
Heilbron Herald
ABSA Tjekrekening
Rek Nr.: 920 380 131
Belangrik - Verw.:
'Hbn Teerprojek'







## Heilbronners geniet hulle eie inry-teater

*Op die foto bo Surene Strydom en Ankia Barnard. Lees meer op bladsy 6.*

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON

# HEILBRON Kliniek - Recognizing abuse and neglect

The first step in helping abused or neglected children is learning to recognize the signs of child abuse and neglect. The presence of a single sign does not prove that child abuse is occurring in a fa-mily; however, when these signs appear repeatedly or in combination you should take a close look at the situation and consider the possibility of child abuse.

The following sign may signal the presence of child abuse or neglect:

**THE CHILD**

• Shows sudden changes in behaviour or school performance.

• Has not received help for physical or medical problems brought to the parents attention.

• Has learning problems (or difficulty concentrating) that cannot attributed to specific physical or psychological causes.

• Is always watchful, as though preparing for something bad to happen.

• Lacks adult supervision.

• Is overly compliant, passive and withdrawn.

• Comes to school or other activities early, stays late and does not want to go home.

**THE PARENT**

• Shows little concern for the child.

• Denies the existence of - or blames the child for the child's problems in school or at home.

• Asks teachers or other caretakers to use harsh physical discipline if the child misbehaves.

• Sees the child as entirely bad, worthless or burdensome.

• Demand a level of physical or academic performance the child cannot achieve.

**THE PARENT AND THE CHILD**

• Rarely touch or look at each other.

• Consider their relationship entirely negative,

**TYPES OF ABUSE**

The following are some signs often associated with particular types of child abuse and neglect; physical abuse, neglect, sexual abuse, and emotional abuse. It is important to note, however these types of abuse are more typically found in combination than alone. A physically abused child, for example, is often emotionally abused as well, and a sexually abused child also may be neglected.

**CONSIDER THE POSSIBILITY OF PHYSICAL ABUSE WHEN THE CHILD:**

• Has unexplained burns, bites, bruises, broken bones or black eyes.

• Has fading bruises or other marks noticeable after an absence from school.

• Seems frightened of the parents and protests or cries when it is time to go home.

• Shrinks at the approach of adults.

**CONSIDER THE POSSIBILITY OF NEGLECT WHEN THE CHILD:**

• Is frequently absent from school.

• Begs or steals food or money.

• Lacks needed medical or dental care, immunizations or glasses.

• Is consistently dirty and has severe body odour.

• Lacks sufficient clothing for the weather.

• Abuses alcohol or other drugs.

• States that there is no one at home to provide care.

**CONSIDER THE POSSIBILITY OF SEXUAL ABUSE WHEN THE CHILD:**

• Has difficulty walking or sitting.

• Suddenly refuses to change for gym or to participate in physical activities.

• Reports nightmares or bed wetting.

• Experience a sudden change in appetite.

• Demonstrates bizarre, sophisticated or unusual sexual knowledge or behaviour.

• Becomes pregnant or contracts a venereal disease particularly if under age 14.

• Runs away.

• Reports sexual abuse by a parent or another adult caregiver.

**CONSIDER THE POSSIBILITY OF SEXUAL ABUSE WHEN THE PARENT OR OTHER ADULT CAREGIVER:**

• Is unduly protective of the child or severely limits the child's contact with other children especially of the opposite sex.

• Is secretive and isolated.

• Is jealous or controlling with family members.

**SIGNS OF EMOTIONAL MALTREATMENT WHEN THE CHILD:**

• Shows extremes in behaviour, such as overly compliant or demanding behaviour, extreme passivity or aggression.

• Is either inappropriately adult (parenting other children, for example) or inappropriately infantile (frequently rocking or head banging for example).

• Is delayed in physical or emotional development.

• Has attempted suicide.

• Reports a lack of attachment to the parent.

**CONSIDER THE POSSIBILITY MALTREATMENT WHEN THE PARENT OR OTHER ADULT CAREGIVER:**

• Constantly blame, belittles, or berates the child.

• Is unconcerned about the child and refuses to consider offers of help for the child's problems.

• Overtly rejects the child.

If you do suspect a child is being harmed, reporting your suspicions may protect the child and get help for the family, Contact your local child protective services agency or police department.

**HELP LINES**

Child Victims of sexual, emotional and physical abuse - 0800 035 553.

**CHILD LINE** - 0800 055 555.

## terugblik




**HEILBRON HERALD, VRYDAG 8 JULIE 2019**
**GIG OPEN SY DEURE** - *Adriaan Smit het op 1 Julie 'n nuwe rekenaarwinkel, Gig Technologies, geopen. Behalwe vir rekenaar herstelwerk verkoop hy ook parte en rekenaars en kan mense gerus by Villa Rosa inloer waar sy winkel is, of as hulle sommer net raad nodig het.*




## Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

Die invloed wat ons op ander se lewenskoers het, is 'n skrikwekkende verantwoordelikheid. Ons krenk sonder nadenke. Ons kan met een onbedagsame woord of daad die lewe van 'n medemens onherroeplik van koers af bring. Ons kan Jesus daagliks met ons voorbeeld verloën. Ons wat Christus bely, moet Christus met die daad bewys. Ons mag die verkondiging van sy liefde, genade en soendood nie onteer deur die lewe wat ons lewe nie. Iewers, elke dag langs die pad, sien ons broer ons. Hy kyk na ons en ons moet sorg dat wat hy sien sy geloof en sy respek versterk. Ons lewe is die spieël van ons binneste, van ons belydenis en van ons geloof. Om die Genade van God se liefde waardig te wees, om Sy liefde te verkondig soos Hy ons beveel, moet ons biddend en verantwoordelik lewe sodat ons nie ons broer dalk swakker as ons is, die afgrond afstuur nie.

*Bron: Uit Petrus Steyn se Lewende Lote in 2011. Bygedra deur Thea Schutte.*

Baie dankie aan almal vir bydrae en al die werkers, verbonde aan die "Teerprojek". Ai, dit beteken baie vir ons motoriste dat die gate in die strate toegemaak word. Ek waardeer baie, vir almal daarby betrokke. Baie dankie dat julle só omgee. - Heléne Howell

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 3 | | | 4 | 9 | 8 | 6 |
| 6 | 4 | 5 | 3 | 9 | | 1 | 2 | 7 |
| 8 | 9 | | | | | | 4 | 3 |
| 3 | | 9 | 2 | | 5 | 4 | | 1 |
| | | 2 | 4 | | 9 | 7 | | 8 |
| | 7 | 4 | | 6 | 1 | | 3 | 9 |
| 2 | | | 7 | 5 | | 6 | | |
| | | | 1 | | 2 | 8 | 7 | 5 |
| 4 | | | | | | 3 | | 2 |

**SUDOKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

# Vrystaat Landbou eis sterk optrede van wetstoepassers oor miltsiekte

*• Vrystaat Landbou*

"Vrystaat Landbou (VL) spreek ernstige kommer uit oor die uitbreek van miltsiekte in Lesotho. Dit kan katastrofiese gevolge vir die vleisbedryf in die provinsie inhou." Só sê Francois Wilken, President van VL, nadat 'n uitbreking van dié siekte naby Maseru in Lesotho bevestig is. Volgens hom het VL oor 'n tydperk van 15 jaar die regering in en uit die hof van die gevare by die Lesotho-grens probeer bewus maak. "Dit het telkens op niks uitgeloop nie en het die owerhede weggestap van hul verantwoordelikhede om hul burgers te beskerm in situasies soos dié wat nou ontstaan." Hy meen die owerhede het herhaaldelik opdragte wat deur die hof aan hulle opgelê is verontagsaam en sodoende het die finansiële las vir VL te veel geword om in die howe daarmee voort te gaan. "Ons eis saam met ander rolspelers in die bedryf sterk optrede en verantwoordelikheid van die Departement van Landbou en wetstoepassers om die dreigende krisis met die nodige erns aan te spreek," sê Wilken. Deur slegs 'n verbod op invoer van vee en wol te plaas, sal nie die probleem aanspreek nie. "Groot probleme by dié grens is veediefstal en onwettige weiding van vee vanuit Lesotho. Dit moet gesamentlik deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, die Suid-Afrikaanse Polisiediens en veeartse wat onder die Departement van Landbou resorteer aangespreek word deur die nodige skutte in plek te stel. Die meeste vee kom onwettig oor die grens en nie by wettige toegangsroetes of grensposte nie." 'n Verdere bron van kommer vir VL is die toenemende gevalle van plaasaanvalle deur Lesotho-burgers op landbouers in die Vrystaat, en selfs sover as die Wes-Kaap. Volgens Wilken sal VL so spoedig moontlik dié situasie met die nodige owerheidsinstellings opneem. "Ons doen 'n beroep op ons lede om alle relevante inligting aan VL se kantoor deur te gee, sodat 'n doelgerigte aksie geloods kan word."

# So lyk 'n gelukkige wenner

Jag is 'n passie-ding en Neels Lues is passievol oor jag. Sy naam is Saterdag eerste uit die hoed getrek as wenner van die 6.5 Creedmore jaggeweer.

Die Riemland tak van die Vrystaat-jagters en Wildbewaringsvereniging hou jaarliks 'n fondsinsameling waar daar drie wapens uitgeloot word. Opbrengs daarvan word gebruik om fasiliteite by die klub in stand te hou.

Op die foto oorhandig Pierre Erasmus voorsitter van die tak, die geweer aan Neels.

Die ander gelukkige wenners was Neels Bodenstein wat 'n CZ PO7 pistool gewen het en Bennie van Niekerk stap weg met 'n CZ.22.



# Kos- en musiek vasvrae by Dienssentrum



*'n Handjievol Dienssentrumlede het hierdie week sy byeenkoms bygewoon, en die ander was by die Pinksterdiens wat by Huis Bron-van-Heil aangebied was. Kos-en musiek vasvrae het die lede lekker besig gehou en is hulle ordentlik vasgevra. Die kwartaal word volgende week afgesluit met 'n fliek. Op die foto bo verskyn Sharky en Albertha Kuhn, Caryl Loots, Gerda Theron, Sue van der Westhuizen, Magdaleen van Rensburg en Issie Buhrmeister.*





A WORLD-CLASS PROVINCE DESERVES WORLD-CLASS INFRASTRUCTURE.

The South African road network exceeds 747 000 kms in total length, making it the longest road network in Africa and the 10th largest in the world. At SANRAL we appreciate that our network is one of the key contributors to our country's competitiveness in global markets.

Projects like KwaZulu-Natal's Mount Edgecombe interchange, the longest incrementally launched bridge in the southern hemisphere, guarantee our country a high level of mobility for people and goods transportation. The new four-level interchange facility provides at least two lanes on each of the major movements. It includes the implementation of directional ramps, eliminating the need for controlled signalisation, thus ensuring free flow of traffic in all directions. This is world-class infrastructure that links South Africa to the future.

SANRAL. Beyond Roads.

SANRAL

BUILDING SOUTH AFRICA THROUGH BETTER ROADS

www.sanral.co.za

Reg. No. 1998/009584/30 An agency of the Department of Transport.

# DIE BREINDREIN



*Google* vertaal "brain drain" as: *the emigration of highly trained or qualified people from a particular country.*

Onlangs lees ek op www.businesstech.co.za dat vir elke een opgeleide persoon wat na Suid-Afrika toe immigreer, 8 opgeleides die land verlaat. En dit is volgens 2017 se statistieke. Daar word verder beraam dat 520 000 mense Suid-Afrika tussen 1989 en 2003 verlaat het.

Die artikel vertel verder dat ongeveer 118 000 van hierdie emigrante professionele, opgeleide werkers was. Elkeen van hierdie was aktiewe werkers wat tot die land se BBP bygedra het. Elke jaar het hierdie getal met 9% toegeneem.

**DAAR IS NIE SEKERHEID OOR HOEVEEL MENSE JAARLIKS EMIGREER NIE.** Volgens hierdie artikel is daar twee hoofredes daarvoor: party wil nie "emigrasie" op die lughawevorm invul nie, want dit veroorsaak 'n magdom administratiewe papierwerk (soos met enige iets wat in die staatsdiens gebeur: *Nothing is ever finished until the paperwork is done*.)

Ander het bloot nie gedink dat hulle permanent uit Suid-Afrika sou trek nie. Dus is die beraming van opgeleides wat SA verlaat, nie baie akkuraat nie.

Daar word bereken dat 70% van die immigrante in die Verenigde Koninkryk, Kanada, die Verenigde State van Amerika, Nieu-Seeland en Australië vanuit Suid-Afrika afkomstig is.

Tussen 2006 en 2016 het ongeveer 100 000 mense geëmigreer. Maar volgens die artikel is hierdie beraming heeltemal te laag. Die ironie is dat StatsSA geen idee het hoeveel mense regtig emigreer nie. Daar is deesdae nie ellelange vorms om in te vul wanneer jy emigreer nie. Jy kan maar net op die vliegtuig klim en vertrek. En net nooit weer terugkom nie.

**HIERDIE BREINDREIN HET NATUURLIK 'N INVLOED OP AL DIE SFERE VAN ONS SAMELEWING.** Een voorbeeld is die gesondheidstelsel: dokters wat emigreer veroorsaak 'n tekort aan dokters in veral die staatshospitale. Meer pasiënte per dokterverhouding, en pasiënte kry nie meer persoonlike sorg nie. Daar word natuurlik dokters vanuit Kuba ingevoer, maar hulle sukkel met die taal, wat hulle werk bemoeilik. Hoe gaan die Nasionale Gesondheidsplan in werking kom met 'n verlies aan mediese personeel en gekwalifiseerde professionele medici?

In 2015 is daar 34 Kubaanse ingenieurs na SA ingevoer, soos besluit deur die destydse minister van Water en Sanitasie, Nomvula Mokonyane. Hulle was Spaanssprekend en kon natuurlik nie hulself in Afrikaans of Engels uitdruk nie. Nodeloos om te sê: hulle kon nie juis hond haaraf maak nie. Ek kan onthou dat ek 'n advertensie gesien het waar die staatsdiens vir Spaanse tolke geadverteer het. Die ingevoerde ingenieurs het veroorsaak dat Suid-Afrikaanse ingenieurs die land verlaat het, bloot omdat ingevoerde ingenieurs hulle werk gevat het. (Gaan lees die hele artikel op SAICE se webwerf).

Volgens FNB het 7,5% van huiseienaars hulle huise in 2018 verkoop om te emigreer. Suid-Afrika verloor die rykste inwoners (wat natuurlik ruimskoots bydra tot belasting) na die buiteland. Baie rykes emigreer en vat hulle geld saam, omdat daar meer beleggingsmoontlikhede in die buiteland is en natuurlik minder inmenging vanaf die regering.

Ek het onlangs aan 'n ander soort breindrein gedink, en daaraan kan ons net mooi niks doen nie.

My gryse ou vader was een. 'n Raadgewer by my werksplek is een. So kan ek nog 'n paar name opnoem, maar julle sal hulle nie ken nie.

By hierdie mense kan ek ure sit en luister wanneer hulle praat. Hulle het 'n wysheid wat nie uit duime gesuig word nie, maar uit jare se dure ondervinding ontspring. Hulle het kennis wat nie uit boeke is nie, maar omdat hulle alles, hulle hele lewe lank, soos 'n spons opgesuig het.

**EK KOM AGTER DAT MY HELE PERSONA VERANDER WANNEER EK MET SO 'N PERSOON GESELS.** Ewe skielik voel dit asof ek in die teenwoordigheid van 'n ander aard is. Ek word stil, want ek is so bang ek mis een of ander lewensles. Ek wil so min as moontlik sê, want daar is selfs wysheid in hulle stiltes.

Die breindrein waaraan ek dink is die ou wysgeërs wat binnekort gaan doodgaan. En nee, dit is nie ligsinnig nie. Dit is vir my 'n baie ernstige saak.

Ons laat mense werk vanaf hulle vroeë twintigerjare. Hulle bou ondervinding op, kry later die geleentheid om hulself op te werk tot op die beste vlak van bevoegdheid. Hulle kan die werkers onder hulle oplei om hulle werk goed te doen. Hulle het so baie beleef dat hulle net so baie het om te gee.

Wanneer hulle 65 word, moet hulle sommer in die maand waarin hulle verjaar, aftree. Indien nie vroeër nie. Hulle moet gaan om plek te maak vir ander werkers wat die leer wil klim. En wat gebeur dan met hulle kennis?

**DIT IS PRESIES DIESELFDE AS 'N BREINDREIN.** Ons laat toe dat mense, wie oor jare se ondervinding en kennis beskik, aftree, tuis gaan sit en letterlik doodgaan.

Sal mense langer leef indien ons hulle toelaat om langer te werk? Ek wonder of iemand al daardie soort navorsing gedoen het. Natuurlik moet niemand onder 'n verpligting staan om aan te hou werk nie. As hulle dink dat dit nou genoeg is, mag hulle met groot liefde aftree.

Maar wat van diegene wat wil aanhou werk?

Ek is so bang daar is te veel mense wat met 'n skatkis vol kennis en wysheid eendag in die graf gaan land sonder dat iemand ooit van hulle geleer het. Ek is so bang ek gaan iets van hulle mis. Ek is bang ek gaan hulle mis.

**EK WIL LEER VAN HULLE SUKSESSE EN OOK VAN HULLE MISLUKKINGS.** Ek lees eendag: *"Learn from the mistakes of others. You will not live long enough to make them all yourself."*

Ek wil leer uit hulle lewenslesse en keer dat hulle deel van die "ondergrondse" breindrein word.

Voordat dit te laat is.

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

***Program vir week***

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***

# Oud Heilbronner oorlede

Mnr John Tranter, 'n bekende oud inwoner van die dorp is op Maandag 3 Junie 2019 in Bloemfontein oorlede waar hy die afgelope drie jaar by sy dogter Antoinette gewoon het.

Die ter aarde bestelling vind plaas op Saterdag 8 Junie om 11:00 vanuit die NG Kerk Suid Gemeente.



# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Pinksterfees / Biddag vir Jeug en Kategese**
**- Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)

**NG SUID**
**Pinksterfees / Biddag vir Jeug en Kategese**
**- Sondag:** 09:30 Gesamentlike Nagmaal (Suid)
Sin Kol: Gemeentehulp 1

**GEREFORMEERDE KERK**
**Pinkstersondag - Sondae:** 09:30 Erediens
Kol: Sending, Heilbron
Diensbeurte: Wyk 3 & 4

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Pinksterfees - Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 16

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens / **Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand **Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# GEKLASSIFISEERD
## Smalls

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 8 Junie | 4 / 22 | Sonnig |
| So 9 Junie | 4 / 23 | Sonnig |
| Ma 10 Junie | 4 / 22 | Sonnig |
| Di 11 Junie | 5 / 22 | Sonnig |
| Wo 12 Junie | 3 / 23 | Sonnig |
| Do 13 Junie | 4 / 22 | Sonnig |
| Vr 14 Junie | 4 / 21 | Sonnig |
| Sa 15 Junie | 4 / 21 | Sonnig |
| So 16 Junie | 3 / 21 | Sonnig |
| Ma 17 Junie | 1 / 23 | Sonnig |
| Di 18 Junie | 1 / 23 | Sonnig |

## SKOOLTERMYNE
• Sluit 14 Jun. • Open 9 Jul.
• Sluit 20 Sept. • Open 1 Okt
• Sluit 4 Desember

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **MANUEL DE GOUVEIA RIBEIRO,** Identiteitsnommer: 340922 5053 180, wie oorlede is op 2 Mei 2010, ongetroud en woonagtig was te Amperstraat 1, Reitz, boedelnommer 8209/2010. Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Reitz vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.

**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

### KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **PHINDIWE JETTY THABETHA,** Identiteitsnommer: 480619 0489 084, wie oorlede is op 14 Augustus 2015, ongetroud en woonagtig was te Amperstraat 1, Reitz, boedelnommer 011212/2015. Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Reitz vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.

**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman 083 292 1503**

## DIENSTE

### BAAL VAN OESRESTE
Baal van mielie-reste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

### HEILBRON KLINIEK
Griepspuite nou beskikbaar by kliniek.

### BETREKKING GEVRA
**VIR ENIGE AFLOS-WERK**
Ondervinding in:
Microsoft, Logistiek, Kantooradministrasie, Ontvangs, Dataverwerking ens.
**Kontak Naomi 082 598 9957**
**burmeistern@gmail.com**
K1673

## TE KOOP




### TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak **Jolandri 079 846 1075**

### TE HUUR
3 Slaapkamer woonstel te huur.
**Skakel Derdrë**
**Heilbron**
**082 478 3566**
K1672

### TE KOOP
550 Eike Boekklub leesboeke. Boeke so goed soos nuut.
**Skakel Jeanetta**
**082 305 7644**
K1671

### ONTHOU VADERSDAG
*Sondag 16 Junie 2019*




**Spertyd vir koerant is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak gerus vir Jolandri by 058 852 3033.**




### *Ons hoor graag van jou*
Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
*Vir die beste transaksies en diens*
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159




### JAAR-BEPLANNER

**JUNIE**
*12 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**AUGUSTUS**
*2-3 Boeretreat*
*21 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**SEPTEMBER**
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis-en Tuinbouklub vergadering*

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***

- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en lang naweek).
- 26 November 2019




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGSERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Hoërskool Heilbron se eie "Drive-in"



Die inry se skerm is opgeslaan en gereed vir die aand se vertoning.




Elke motorvoertuig het 'n verwelkomingsak ontvang met advertensies in.

Na maande se beplanning het die dag uiteindelik aangebreek vir Heilbron se eie Drive-in. Harde werk van die personeel en BK ouers van Hoërskool Heilbron het bygedra tot 'n suksesvolle aand. Vrydagaand, 31 Mei het 52 voertuie gereed gestaan met radio's ingestel en piekniekmandjies wat vol lekkernye gepak is. Die koue weer het niemand afgeskrik nie, en bakkies is lekker ingerig met komberse en kussings. Met behulp van Varslugflieks wat die opstel van die Drive-in hanteer het, is The Greatest Showman op die grootskerm vertoon op Hoërskool Heilbron se rugbyveld. Dit het ouers laat terugverlang na hul jonger dae toe 'n besoek aan die inry-teater 'n gewilde aktiwiteit was. Verwelkomingsakke vol advertensies is aan die fliekkykers uitgedeel en heerlike warm sjokolade, cappucino en sop was te koop aangebied sommer reg by die voertuie se vensters. Voor die groot fliek begin het, kon adverteerders deur middel van video's of foto's op die skerm adverteer. Boeretreat, Dekalb en Heilbron Herald het as hoofborge opgetree. Elkeen se video was as voorprente te sien. Die borge het 'n groot gedeelte bygedra wat dit moontlik kon maak om die inry te kan aanbied. As deel van al die pret het Boeretreat ook 'n gratis kaartjie weggegee vir die beste "tag-line" vir die boeretreat-mark. Anneri Combrink het hierdie kaartjie gou-gou opgeraap. Was die inry 'n sukses - verseker! Die gemeenskap het hierdie projek so goed ondersteun en baie geniet. Daar kan gerus weer 'n Drive-in aangebied word.

## Freddy die brandweer-hond kuier by Kleuterkasteel



*Freddy die brandweer-hond het hierdie week by Kleuterkasteel se kleuters kom kuier. Hy het die kleuters bewus gemaak van die gevaar van brande en hoe daar reageer moet word. Freddy het die kleuters mooi geleer. Op die foto verskyn Freddy saam met juffrou Christelle Lourens, juffrou Christa van Wyk, juffrou Jessie Groenewald, juffrou Bokkie Myburgh en Alet Swart.*

# Oud-Landdros trotseer nuwe hoogtes

Baie mense vat hulle lysie op die "bucket list" baie ernstig op en is dit dinge wat hulle verseker graag nog wil doen terwyl hulle die kans het. Vir Japie Steyn was valskermspring een van die wense op die "bucket list" wat gedoen moet word. Op 11 Mei 2019, kort na sy 69ste verjaarsdag, spring hy sy eerste sprong by Wonderboom lughawe.

Die vliegtuig het 'n hoogte van elf duisend voet, 3.2 kilometer, bereik voor Steyn kon uitspring. Vir die eerste helfte vryval hulle teen ongeveer 230 kilometer per uur voordat die valskerm oopgemaak word. Daarna sweef hulle tot op die grond. 'n Kamera-man spring ook saam uit die vliegtuig om die oomblikke op foto's vas te lê. Die tydsduur vandat Steyn uit die vliegtuig gespring het tot op die grond was so tussen drie tot vier minute. "Terwyl jy daar bo sweef is dit so stil, jy hoor niks nie, nie 'n enkele geluid nie," som Japie sy ervaringe op. "Dit is verseker iets wat ek weer sal wil doen." Hy noem dat hy dink dit is makliker as jy die tweede keer gaan spring, want dan is die stresvlakke nie meer so hoog nie, jy weet wat om dan te verwag en sal dit natuurlik meer geniet!



*Japie Steyn glimlag breed na die valskermsprong!*



*Japie Steyn saam met die instrukteur kort nadat hulle uit die vliegtuig gespring het.*

# Wenners van gelukkige trekking vir Moedersdag





*Twee gelukkige moeders het by SPAR Heilbron geskenkbewyse gewen tydens 'n gelukkige trekking vir moedersdag. Chrismari Greeff en Yalezwa Malindi het elk weggestap met heerlike bederf geskenkbewyse. Op die foto bo verskyn Chrismarie Greeff (regs) en Yalezwa Malindi (links).*

# Refleksologie help teen stres

*• Mediese Verslaggewer*

WEENS hoë mediesekostes begin mense al hoe meer soek na alternatiewe, goedkoper en natuurliker maniere van gesondheidsorg. Dit is waarom die belangstelling in refleksologie wêreldwyd soveel toeneem. Refleksologie is die stimulering van senuweepunte op die voete en hande wat ooreenstem met sekere organe en kliere in die liggaam. Volgens mnr. Dwight Byers, president en stigter van die Internasionale Instituut van Refleksologie, is dié vorm van behandeling beslis 'n wetenskap wat verskeie voordele vir mense inhou. Mnr. Byers is ook die neef van Eunice Ingham, pionier en ontwikkelaar van refleksologie soos dit vandag is. Mnr. Byers kom uit Amerika en was die gas van die Suid-Afrikaanse Refleksologie-vereniging wat verlede week sy tweede nasionale kongres in Durban gehou het. Volgens hom is stres die oorsaak van sowat 70 persent van mense se gesondheidsprobleme. Dis juis hier waar refleksologie 'n groot rol speel omdat dit mense nie net laat ontspan nie, maar ook die bloedsomloop stimuleer en verbeter en die werking van organe normaliseer. Refleksoloë probeer nie om dokters se werk oor te neem nie, het mnr. Byers gesê. Hulle diagnoseer nie, maar verskaf eerder 'n bykomende diens in die totale gesondheidsorgstelsel. Refleksologie kan pasiënte help om vinniger te herstel en medikasie gouer te staak. Vir gesonde mense bied dit meestal 'n instandhoudingsfunksie. Omdat dié behandeling geen newe-effekte het nie, kan enigiemand daarby baat vind. Dit is veilig vir diabete, swanger vroue en mense wat kanker het. Dit word ook lank reeds suksesvol gebruik vir atlete wat sportbeserings het. Die beserings herstel dan vinniger en die atlete se prestasie verbeter ook. Volgens mev. Lilian Tibshraeny, direkteur van die instituut in Suid-Afrika, is die probleem in Suid-Afrika dat daar nie genoeg goeie refleksoloë is nie. Baie van dié mense het ook nie voldoende opleiding nie. Dit is dus belangrik dat die standaarde van die beroep verhoog moet word en die publiek bewus gemaak moet word van die dienste van 'n goeie refleksoloog. Sy sou ook graag wou sien dat refleksoloë hulle by 'n professionele liggaam registreer omdat dit 'n belangrike deel is van voorkomende gesondheidsorg, het mev. Tibshraeny gesê.

# Grondeienaars moet betyds voorsiening maak

*• Heilbron Landbou*

Dit is alweer wintertyd en ongelukkig die tyd waarin veldbrande ontstaan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar rondom werkershuise en ander geboue waar brande kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref is om brande te voorkom.

Versuim om gevolg te gee aan die bepalings van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

# Suksesvolle produksieveiling

Op Woensdag 22 Mei 2019 het Stelena SAVM hulle 12de produksieveiling gehou te Nootgedacht, Oranjeville. Die gemiddelde prys van die ramme was R7 778 en vir die ooie was dit R7 921.

Die duurste ram is gekoop vir R25 000 deur Kobus Engelbrecht Snr en Jnr van Benjamin Boerdery.

Die duurste ooi is gekoop vir R20 000 deur Deon van Wyk van Deonde Boerdery dit is 'n nuwe SA rekord. BKB dank alle kopers vir 'n suksesvolle dag.



*Op die foto vl: Wentzel Vorster (Takbestuurder Frankfort) Kobus Jnr en Kobus Senior Engelbrecht (kopers) van Benjamin Boerdery, Jan Mostert (Afslaer) Alta Lombard (Stelena) Manie Lombard (verkoper). Voor: Danie de Wet (Skaap en Wol BKB).*



*Op die foto vl: Deon van Wyk (Koper) Wentzel Vorster (Takbestuurder Frankfort) Jan Mostert (Afslaer) Alta Lombard (Stelena) Manie Lombard (Verkoper). Voor: Danie de Wet (Skaap en Wol BKB).*






# SPORTverslag

## Rolbalnuus

*• Heilbron Rolbalklub*

Almal is baie welkom om te kom deelneem aan Heilbron Rolbalklub se sosiale spel op Woensdae en Saterdae om 14:00. Trek gemaklike skoene aan, en sorg dat jy 13:45 daar is sodat spanne uitgesit kan word. Niemand is te oud en niemand is te jonk om te kom saamspeel nie. Die negentig jarige veteraan speler, Rita Hoffman, is elke Woensdag en Saterdag op haar pos en sorg steeds vir strawwe kompetisie vir haar teenstaanders. Heilbron Rolbalklub is baie opgewonde oor al die nuwe spelers wat onlangs aangesluit het. Magda Bierman het die afgelope naweek met puik spel deurgedring om deel te wees van die Senior Valsrivierspan wat in Bethlehem gaan deelneem. Heilbron Rolbalklub is trots op haar.





*Op die foto links bo is Ernst Bieske saam met Magda Bierman. Terence Cunningham (foto regs), in aksie op die rolbalbaan.*

AP KERK PETRUS STEYN
BIED AAN:
Klipwerf
Besprekings noodsaaklik
076 875 9922 of
072 766 2098
22 Junie 2019
18:00
R250 pp, Spitbraai ete ingesluit.
Kontantkroeg.
HIGH FERT PERSEEL
PETRUS STEYN



TUINBOU VERGADERING
12 Junie 2019
10:00
Petro Meintjes se lapa



Sylvia Meades kom gesels oor vriendelike insekte in jou tuin
Bevestig voor / op 10 Junie by
Gerda Pieters - 081 356 7575
Almal is baie welkom !

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

T800 EXECUTIVE VISITORS CHAIR IN BLACK BONDED LEATHER.
Bright Aluminium Frame - R2 995 Vat included. 3 year warrantee excludes normal "wear & tear" - *While stocks last.*
Herald
Office National
Elsstraat 44
Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033





NG Gemeente
Heilbron-Suid bied aan:



Heerlike kuier- en gesinsaand
Is jy al lank lus vir 'n lekker gesinsaand en goeie musiek? Maak seker jy, jou gesin en vriende kom geniet hierdie geleentheid.
saam met .....
Dawie Spies - bekende motiveringspreker en mentor van bekende sportmanne en boere in Suid-Afrika.



"Daar is hoop vir ons land"
VRYDAGAAND 7 JUNIE 2019
18:30 vir 19:00
Heilbron Gholfklub
(Heerlike vingerete!!!)
en 'n Gholfdag ...
SATERDAG
8 JUNIE 2019
vanaf 10:00 - Heilbron Gholfklub
R2 000 per 4 Bal



Sluit in halfway-ete en vleisgereg later die aand)
GROOT PRYSE!!! EN 'N VEILING!!!
Besprekings: Dries 082 781 6163

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
DINSDAG - 11 JUNIE 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maree 073 949 8786
DONDERDAG - 13 JUNIE 2019
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718
VRYDAG - 14 JUNIE 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID